# HOOFSTUK 14

# DIE AFTAKELING VAN MILITÊRE AKTIWITEITE

## 14.1 INLEIDING

Die beëindiging van die Koue Oorlog het tot 'n ontwapening in die res van die wêreld aanleiding gegee.[1] Rusland het reeds gedurende Mei 1989 begin om sy magte uit Europa te onttrek.[2] Die weg vir demilitarisering is egter gebaan deurdat 22 lande die Verdrag oor Konvensionele Gewapende Magte op 19 November 1990 in Europa onderteken het.[3] Daarna het Brittanje aangekondig dat hy sy strydkragte tot 116 000 man sou verminder.[4] Die einde van die Koue Oorlog het ook 'n uitwerking op Suider-Afrika gehad. Dit het tot die uitvoering van Resolusie 435 in Namibië en die onafhanklikheid van dié gebied in 1989 gelei.[5] Dit het ook die vrylating van Nelson Mandela in 1990 moontlik gemaak.[6] President F. W. de Klerk wou die staatsbestel normaliseer en die buitengewone groot seggenskap van die weermag verander. Hy het begin deur die fondament van die veiligheidstelsel, naamlik die noodtoestand, af te takel.[7] De Klerk het tydens 'n polisieparade op 28 November 1989 aangekondig dat die mag van die

---

[1] Vgl. G. Arnold, *South Africa: Crossing the Rubicon* (MacMillan, London, 1992), p. 149; Vgl. ook S.Ellis, T, Sechaba, *Comrades against apartheid* ( Indiana, Indiana University Press, 1992), p. 190.

[2] C. Redman, "The alliance: Strains over Disarmament", *Time*, 133(18), 01 Mei 1989, p. 11.

[3] O. Ward, "Arms control: Military issues take centre stage just as peace treaty hits maturity", in *Toronto Star*, 23.09.1995.

[4] Anon, "British Army to be cut by one-quarter", in *Citizen*, 05.06.1991.

[5] Anon, "Militariste verloor invloed", in *Transvaler*, 18.12.1989, p. 3; Vgl. ook Anon, "Wêreldsake: Ons wil niemand pla nie", *Insig*, Januarie 1988, p. 39.

[6] Anon, "Failure of communism paved SA's path: FW", in *Citizen*, 15.02.1990; P. Fabricius, "FW opens door to freedom", in *Star* laat uitg, 02.02.1990.

[7] J. Mellet, "Hul skadu bly hang", *Insig*, Junie 1993, p. 14.

weermag en polisie drasties ingekort, en die veiligheidsbestuurstelsel, ontbind sou word.[8] Diensplig is vanaf Januarie 1990 tot een jaar verkort.[9] Daar is besluit dat die weermag op 1 Julie 1990 uit die swart woongebiede sou onttrek en die *Buttermilk* stelsel verval.[10] Die algemene dienspligstelsel is aan die begin van 1994 afgestel.[11]

## 14.2 VREDESPOGINGS IN DIE VAALDRIEHOEK

Daar was reeds na die 1984-onluste vredespogings in die Vaaldriehoek. *Operation Advance and Upgrade* het verandering sonder geweld ten doel gehad en het met sy werksaamhede in Sharpeville, Sebokeng en Evaton begin.[12] Op 4 Junie 1987 is ereburgerskap van Lekoa aan, die staatspresident, P. W. Botha, toegeken. Die feit dat dit dáár was waar die September 1984 onluste uitgebreek het, het daartoe gelei dat dié stap as betekenisvol vir welwillendheid gesien is.[13]

Tydens 'n simposium wat in Julie 1988 deur die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) op Vanderbijlpark aangebied is, is genoem dat daar eers 'n verandering in die Oos-Wes konflik moes intree, voordat in Suid-Afrika met versoening vordering gemaak sou word. Ander terreine wat konflikskeppend was, soos verskille in ras, etnisiteit en kultuur, asook die gaping tussen eerste- en derde-wêreldontwikkeling sou dan onder die

---

[8] P. van Niekerk, "De Klerk announces major curbs on powers of security forces", in *The Globe and Mail*, 29.11.1989, p.A12; Anon, "De Klerk says he'll curb role of Pretoria police and military", in *Toronto Sun*, 29/11/1989.

[9] J. Geldenhuys, *Persverklaring oor die verandering van diensplig*, 8.12.1989.

[10] Dagboek, Vereeniging Kommando, Ordergroep, 26.01.1990.

[11] Anon, "South Africa to scrap whites-only conscription", in *Toronto Star*, 25.08.1993; Alhoewel diensplig weieraars wetlik nog vervolg kon word, is daar sedert Januarie 1992 geen stappe meer teen diesulkes gedoen nie. Vgl. Anon, "No action against draft dodgers – Cabinet", in *Citizen*, 22.01.1992.

[12] Anon, "Van maand tot maand: Zuidelijk Afrika in Vogelvlucht", *Zuid-Afrika nu*, Maart 1985, p. 14.

[13] J. B. Hoffeld, "Staatspresident word ereburger van Lekoa", *Panorama*, 32(9), September 1987, p. 5.

soeklig kom.[14] Kurt von Schirnding, voormalige ambassadeur by die Verenigde Nasies, het op 1 November 1989 op Vanderbijlpark daarop gewys dat die internasionale opvattings oor Suid-Afrika baie verbeter het. Waar daar voorheen verwagtings van 'n oordeelsdag was, het daar begrip vir Suid-Afrika ingetree.[15]

Tydens die gradeplegtigheid van die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO in April 1991 het prof. F. A. van Jaarsveld gemeen dat die land onderweg na 'n ware demokrasie was.[16] Die leier van die Inkatha Vryheidsparty (IVP), Mangosotho Buthelezi, was in Junie 1991 die gasspreker tydens 'n byeenkoms van die Vaalrivier Rapportryerskorps. Hy het in sy toespraak daarna verwys dat oorlog in Suid-Afrika geen doel gedien het nie, en dat die gewapende stryd onsuksesvol was.[17]

Mevrou Marike de Klerk het in April 1992 op Sasolburg gesê dat niemand in 'n oorlogsituasie die oorwinnaar sou wees nie, en dat mense eerder vrede moes maak.[18] Die tema van die eeufees en burgemeesterlike dankseggingsdiens wat op 8 Maart 1992 in Vereeniging gehou is, was 'God gee vrede'. Die kapelane van die verskillende militêre eenhede, van die polisie en die gevangenisdiens in Vereeniging was teenwoordig, terwyl lede van die Vereeniging Kommando en die brandweer van Vereeniging 'n erewag gevorm het.[19]

In Maart 1992 is 'n referendum gehou om te bepaal of daar met die hervormingspogings voortgegaan moes word. In die Vaaldriehoek is 'n beroep op

---

[14] C. le Roux, "Versoening in SA net as alle partye dit wil", in *Vaalweekblad*, 17.06.1988.

[15] A. Ries, E. Dommisse, *Leierstryd: Die dramas rondom die uittrede van pres. P. W. Botha* (Kaapstad, Tafelberg, 1990), p. 110.

[16] Anon, "Alle groepe betrek by nuwe SA", in *Vaalweekblad*, 26.04.1991.

[17] Anon, "Oorlog in SA is sinneloos – Buthelezi", in *Vaalweekblad-fokus*, 14.06.1991.

[18] Anon, "Met oorlog kan niemand wen", in *Vaalweekblad*, 13.03.1992.

[19] Pamflet, *Eeufees & burgemeesterlike dankseggingsdiens*, Stadsaal van Vereeniging, 8 Maart 1992.

mense gedoen om 'ja' te stem sodat vrede bewerkstellig kon word. Professor F. R. Swart van Drie Riviere het byvoorbeeld aan die *Vaal Ster* geskryf:

> Daar was 'n lang stryd van oorlogvoering op ons grense en die swaarkry van boikotte op alle gebiede, met die hele wêreld teen ons. Vandag staan ons op die drumpel van 'n deurbraak.

Professor Swart het gemeen dat 'n 'nee' -stem die land terug na die oorlog sou neem.[20] Die uitslag was uiteindelik oorweldigend 'ja'. Met die kiesersmandaat het pres. De Klerk Apartheid as 'toegemaak' beskou.[21] In Augustus 1992 is 'n seminaar in die Vaaldriehoek met die tema 'Die nuwe paradigma teenoor die oue' gehou. Die klem het op kommunikasie tussen groepe geval.[22]

'n Vredesberaad is vir 21 en 22 November 1992 vir die Vaaldriehoek beplan. Daar is gepoog om 'n breë spektrum van alle belanghebbendes by die beraad te betrek. Die *African National Congress* (ANC) se sekretaris-generaal vir die Pretoria-Witwatersrand-Vaaldriehoek-gebied (PWV), A. Bapela, het in sy vredesverklaring kriminele geweld verdoem en gesê dat die gemeenskap na vrede gestrewe het.[23] Gedurende Februarie 1993 het lede van verskillende belangegroepe die Nasionale Vredesakkoord tydens 'n seremonie by die Maccauvlei Opleidingsentrum onderteken. Dit was 'n veelpartypoging om vrede in die Vaaldriehoek te bewerkstellig. Dié vredeskomitee het bestaan uit verskillende vakbonde, die Vaalstreek van die ANC, die IVP, die Vaal Raad van Kerke, die Vaal Civic Association, die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party, die weermag, die Nasionale Party en die polisie. Alhoewel geweld steeds in die Vaaldriehoek voortgeduur het, het kommunikasiekanale begin oopgaan en ou vyande het met mekaar begin praat.[24]

---


[20] F. R. Swart, "Brief: Nee-stem neem ons terug na oorlog", in *Vaal Ster*, 09-13.03.1992; Vgl. ook E. M. de V. Bresler, "Vote yes – keep SA on its present high", in *Vaal Ster*, 09-13.03.1992.

[21] B. W. Nelson, "Cover stories: Yes!", *Time*, 139(13), 30 Maart 1992, pp. 12-14.

[22] Anon, "Suid-Afrikaners moet met mekaar gesels", in *Vaalweekblad-fokus 6*, 08.05.1992.

[23] Anon, "Peace summit in Vaal", in *Vaalweekblad*, 13.11.1992; P. Mabuye, "New hope after weekend summit: Peace at last?", *Vaal Ster*, 23-27.11.1992.

[24] D. Jensen, "Boost for Vaal peace efforts", in *Vaal Ster*, 15-19.02.1993.



Illus. 107: Mense het in Vanderbijlpark hande gevat en leerlinge van die Laerskool Selborne op Vereeniging het vrede uitgespel op Vredesdag van 1993.

Bron: Anon, "Peace, the children of Vereeniging's Selborne school spelled out...", in *Vaal Ster*, 06-10.09.1993.

Die *End Conscription Campaign* (EEC) het op die naweek van 16 tot 18 Julie 1993 'n Vredesfees gehou. Die hoofsessies op 18 Julie was '*Peace keeping in South Africa*' en '*Armed Forces in transition*'. Die voorsitter van die bespreking was biskop Peter Storey en op die paneel was Sydney Mufamade.[25] Daar is ook beoog om veelparty-onderhandelings in die Vaaldriehoek te begin. Die doel met die gesprekvoering was om moontlike probleme in die weg van die skepping van 'n verenigde plaaslike regering vir die Vaaldriehoek uit te stryk.[26] Die Vredesdag van September 1993 is versteur toe ondersteuners van die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) tydens die een minuut stilte deur die strate van Sasolburg gery en op hulle motors se toeters geblaas het.[27]

Die optrede van brig. Floris Mostert, adjunk-streekkommissaris van die polisie in die Vaaldriehoek, tydens Vredesdag in Sebokeng, het daartoe gelei dat hy vroeg in November 1993 die ereburgerskap van Sebokeng namens die polisie ontvang het.[28] Die burgemeester van Vereeniging, Frank Swart, het in samewerking met kerkleiers beplan om in 1994 positiewe vredesaksies in die Vaaldriehoek van stapel te stuur. Daar is beplan om op 27 Februarie 1994 'n saamtrek te reël waaraan alle bevolkingsgroepe sou deelneem en 'n besluit is geneem dat die polisie en die weermag nie teenwoordig sou wees nie.[29]

Die *Congress of South African Trade Unions* (COSATU) het op 18 Augustus 1990 'n vredesoptog deur die strate van Vereeniging gehou.[30] Die veiligheidsmagte is ontplooi om te verseker dat die optog sonder voorval verloop.[31] Aan die einde van Augustus 1990 is ook op Sasolburg 'n vredesoptog

[25] Anon, "Spotlight on peace-keeping in the new SA", in *Vaal Ster*, 09-13.08.1993.

[26] Anon, "Vaal's own Kempton Park", in *Vaal Ster*, 08-12.11.1993.

[27] Anon, "AWB se optrede op Vredesdag op Sasolburg laakbaar", in *Vaal Ster*, 06-10.09.1993.

[28] Anon, "Ereburgerskap toegeken na koelkop optrede", in *Vaal Ster*, 08-12.11.1993.

[29] Anon, "Groot aksie vir vrede beplan", in *Vaal Ster*, 24-28.01.1994.

[30] Anon, "30 000 to march for peace in V'ging", in *Vaal Ster*, 13-17.08.1990.

[31] J. Farr e.a., "Foto's van vredesoptog gehou op 18.08.1990 te Vereeniging", in *Vaal Ster*, 20.24.08.1990.

gehou.[32] COSATU het in die eerste week van April 1991 'n vredesoptog vanaf Sharpeville na die Vereeniging gevangenis gereël.[33] Die vredesoptog van April 1993 is egter versuur deur AWB-protesteerders en deurdat 'n man met sy rewolwer op optoggangers geskiet het.[34]

In die *Vaal Ster* van 26-30 April 1993 is die volgende appèl vir vrede gerig:

> In this world of darkness, those who seek to make peace and find sense in the senselessness need the support of everyone of us... Every victory for peace... should be trumpeted from the rooftops.[35]

### 14.3 DIE ONTBINDING VAN VAALDRIEHOEKSE MILITÊRE EENHEDE

Die vrees vir kommunisme het daartoe gelei dat die weermag skepties na die nuwe vredesneigings gekyk het en gemeen het dat die kommunisme vrede as 'n voorbereiding vir oorlog gebruik het.[36] Demilitarisering kon egter as gevolg van binnelandse politieke turbulensie na 1989 nie volledig plaasvind nie.[37] 'n Parate weermag is as 'n voorvereiste vir suksesvolle vredesamesprekings gesien.[38] Teen 1993 was dit nodig dat 10 000 soldate elke dag ontplooi moes word om binnelandse orde te handhaaf.[39] Alhoewel in die Vaaldriehoek vredespogings was, was daar tot na 1994 geen demilitarisering in die streek nie. Die weermag is eers na 1994 in die demobiliseringsproses geherstruktureer.[40] Die verskillende magte wat voorheen teen mekaar geveg het, is in 'n nuwe Suid-Afrikaanse

[32] Anon, "Foto: 'n 28-jarige man is in hegtenis geneem nadat hy 'n rookgranaat na optog- gangers geslinger het", in *Vaal Ster*, 27-31.08.1990.

[33] Anon, "15 000 loop alweer in vredesoptog", in *Vaalweekblad*, 05.04.1991.

[34] Anon, "Moment of madness mars triumph for peace", in *Vaal Ster*, 19-23.04.1993.

[35] Anon, "Talking points: Talk peace", in *Vaal Ster*, 26-30.04.1993.

[36] Dagboek, Vereeniging Kommando, Ordergroep, 26.01.1990.

[37] Anon, "Suid-Afrika in 1989", SAUK 05.01.1989, in *SA Oorsig*, 13 Januarie 1989, p. 12.

[38] A. van de Venter, "Hoogtepunte uit die Verdedigingsdebat", *Paratus*, 40(6), Junie 1989, p. 29.

[39] Anon, "Comment: The SADF", in *Citizen*, 17.01.1993, p.6; Anon, "Conscription change may come later", in *Citizen*, 07.02.1991.

[40] R. Fitchat, "Regiment Overvaal sluit finaal sy deure", in *Vaal Ster*, 05-09.05.1997.



Illus. 108: Neerlegging van die vaandels. Die nasionale vaandel van die ROV word opgerol om weggelê te word nadat daar in Maart 1997 besluit is om dié eenheid te ontbind.

Bron: *J. C. Zelie fotoversameling.*

eenhede onvermydelik gemaak.[42] Die Vaaldriehoekse militêre eenhede is ook deur die proses geraak. Die eerste stap in die demilitariseringsproses was die weglê van die nasionale vaandels van die verskillende weermagsdele en daarna van die verskillende eenhede.[43] Daarna is begin met die ontbinding van sekere eenhede. Die besluit is geneem om van die regimente te ontbind omdat daar na 1994 geen gevaar van 'n konvensionele bedreiging teen die land meer was nie.[44]

Die Regiment Sasolburg het aan die einde van Januarie 1996 ontbind, gevolg deur die Regiment Vanderbijlpark. [45] In 1996 het die hoofkwartier van Groep 17 na Lenz verskuif. [46] Die ontbinding van die Regiment Overvaal op 31 Maart 1997 is in die *Vaal Ster* beskryf as 'n era in die Suid-Afrikaanse burgermag wat beëindig is.[47] Groep 17 het gedurende 1999 ontbind. 7 Infanteriedivisie en 73 Brigade, wat die hoër hoofkwartiere van die Vaaldriehoekse regimente was, het in Julie 1999 gesluit.[48] Teen 1998 het die minister van verdediging, Joe Modise, aangekondig dat die militaristiese karakter van die ou verdedigingsestablishment fundamenteel verander is, en dat verdedigingsuitgawes slegs 1.5 persent van die totale staasbesteding uitgemaak het.[49]

---

[42] Vgl. J. Cock & P. Mckenzie (eds.), *From development to defence: redirecting military resources in South Africa*, p. 16.

[43] Direktoraat Dokumentasie Diens van die SANW (DDD), Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 4, Houer 90, 512/2/1/3, Colour parades, H Leër/ser/512/2/1/3 weglê van nasionale vaandels, 29.03.1994.

[44] Vgl. J. Cock & P. Mckenzie (eds.), *From development to defence: redirecting military resources in South Africa*, p. 19.

[45] W. Pelser, "Regiment Sasolburg sluit finaal deure na 35 jaar", in *Vaal Ster*, 31.01.1996.

[46] Ibid.

[47] R. Fitchat, "Regiment Overvaal sluit finaal sy deure", in *Vaal Ster*, 05-09.05.1997; Vgl. Vaal Teknorama (VTR), Houer 18, Militêre eenhede, ROV, Toespraak van ltkol. J. C. Zelie, 4 April 1997.

[48] N. Chandler, "Defence force cuts infantry divisions to the bone", in *Star*, 26.07.1999, p. 3.

[49] Toespraak van Minister van Verdediging, mnr. J. Modise op die Verdedigingsbegrotingstemming, 26.05.1998, in *Salvo*, 1/98.

## 14.4 DIE IMPAK VAN DEMILITARISERING

Demilitarisering het 'n morele en ekonomiese impak op die Vaaldriehoek gehad. Waar daar tussen 1974 en 1989 'n groot mate van ondersteuning vir die verdedigingspoging was, het dit na 1990 in onsekerheid, teleurstelling en defaitisme verander. Aan die ander kant het die afskaling van krygsproduksie deur Vaaldriehoekse fabrieke die streek ekonomies benadeel.

### 14.4.1 WEERSTAND TEEN MILITÊRE DIENS

Die onttrekking uit Namibië en politieke verandering in Suid-Afrika het al meer mans negatief teenoor diensplig laat word.[50] Die moreel van die burgermag het verswak en baie soldate het nie meer vir kampe opgedaag nie.[51] Die feit dat soldate in *townships* ontplooi is om vegtende faksies uit mekaar te hou, was een van die redes vir die swak aanmeldingsyfer van kampe.[52] 'n Jong getroude vrou van Vereeniging het in 'n brief aan die *Citizen* gevra waarom haar man steeds vir kampe opgeroep word, terwyl haar bure se seuns nog nooit diensplig gedoen het nie en boonop werkloos was.[53] Sy is ondersteun deur J. W. Downie, wat gemeen het dat alhoewel hyself talle kampe moes bywoon, baie ander dit vrygespring het.[54] Downie het nie vir 'n 60-dae kamp aangemeld nie en is deur die militêre polisie van Groep 17 na die polisiestasie in Vereeniging geneem waar hy aangehou is.[55]

Die voorsitter van die Johannesburgse ECC, Chris de Villiers, het aan die *Vaal Ster* oor die weiering van militêre diens geskryf. Daarin noem hy die hofaansoek

---

[50] Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek (MAV), Onderhoude gevoer deur skrywer, p. 21. 06071999, Malan, M. de M., (69) Pretoria; MAV, p. 24. 28071999, Viljoen, C., Pretoria.

[51] Vgl. E. Engelbrecht, "Mense: Soldate in die strate: Grootste oproep sedert die Tweede Wêreldoorlog: Talle burgermag-lede daag nie op nie", in *Rapport*, 11.04.1993; Dagboek Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 25.11.1991.

[52] Anon, "The agony of our dying army", in *Patriot*, 31.01.1992.

[53] Concerned young wife, Vereeniging, "Why can't they be called up?", in *Citizen*, 24.06.1992.

[54] J. W. Downie, Vanderbijlpark, "No CF duty for some", in *Citizen*, 30.06.1992.

[55] Anon, "Vanderbijl man arrested for refusing to do military service...", in *Vaal Ster*, 26-30.9.1992.

van Richard Rule en die ECC teen die minister van verdediging en die hoof van die weermag wat op 23 September 1992 in die hooggeregshof in Pretoria aangehoor is. Indien die aansoek suksesvol was, sou dit beteken dat alle oproep-instruksies sedert die herroeping van die wet op bevolkingsregistrasie ongeldig sou wees. Daar is beswaar daarteen aangeteken dat die weermag, nieteenstaande, voortgegaan het om skoolseuns vir diensplig te laat registreer. Daar is gemeen dat die werklike rede daarvoor die drang was om 'n mag van 500 000 man gereed te hê vir die geval van mobilisasie.[56]

### 14.4.2 IMPAK OP DIE NYWERHEDE

Die verdedigingsindustrie van voor 1994 is deur sommige bronne as 'n bron van morele besoedeling beskou wat 'n belangrike rol in die behoud van die apartheidsisteem gespeel het.[57] Die tydperk van demilitarisering het daartoe gelei dat baie fabrieke nie meer verdedigingskontrakte gekry het nie.[58] Nadat die Suid-Afrikaanse wapenvoorsieningsbedryf in 1992 in die Krygstuigkorporasie van Suid-Afrika (KRYGKOR) en Denel verdeel is, het Denel onderneem om 'wapens in ploegskare' te verander deur van die wapentuig vir burgerlike gebruik te omskep.[59] Die veranderde verdedigingsituasie in die wêreld het ook tot gevolg gehad dat die waarde van wapenuitvoere tussen 1989 en 1995 met 40 persent afgeneem het.[60] Die implikasies daarvan was onder meer dat Suid-Afrika sy posisie as streeksmoondheid kon verloor.[61] Die PWV-gebied is die ergste deur

---

[56] C. de Villiers, voorsitter ECC, Johannesburg, "Why do we still have racially selective call-ups?", in *Vaal Ster*, 28.09-02.10.1992; Vgl. ook Anon, "Objector to report to SADF", in *Citizen*, 08.01.1991; Vgl. ook EEC-pamflet, *Is oorlog die prys werd* (Khotso huis, s.d.).

[57] J. Cock & P. Mckenzie (eds.), *From development to defence: redirecting military resources in South Africa*, p. 22.

[58] Vgl. Anon, "Face to face with: Dr. John Temple, Chairman of the SA Defence Industry Association", *Salvo*, 1/95, p. 2; Dr. Temple was ook voorheen aan Iscor en Metal Box verbonde, p. 3.

[59] C. Ryan, "Arms industry: Arms, wings & politics", *South Africa the journal of trade, industry & investment*, 2de kwartaal 1997, p. 20.

[60] P. Batchelor, South Africa's arms industry: Prospects for conversion in J. Cock & P. Mckenzie, *From development to defence: redirecting military resources in South Africa*, p.106.

[61] Anon, "Comment: The SADF", in *Citizen*, 17.02.1993, p. 6.

die verdedigingsbesnoeiings geraak.[62] Afdankings en skeidingspakkette was die gevolg daarvan.[63] Die ekonomie van die PWV-gebied was egter van so 'n aard dat die impak van demilitarisering makliker as in ander streke geabsorbeer kon word.[64]

Alhoewel die produksie van krygsmateriaal deur Vaaldriehoekse fabrieke in vergelyking met die totale staalproduksie gering was, het dit nietemin die streek ekonomies bevoordeel. Piet Labuschagne het vertel dat hy op 'n grafiek die produksie van die Broderick Ingenieurswerke bygehou het en kon sien hoedat daar 'n toename in produksie as gevolg van verdedigingskontrakte was.[65] As gevolg van die militêre onttrekking uit Namibië was daar 'n afname in wapenvervaardiging.[66] Ander faktore was die ekonomiese resessie en die ekonomiese afswaai wat teen 1992 die ergste sedert die Tweede Wêreldoorlog was en veral die staalindustrie swaar geraak het.[67] Indiensneming in die vervaardigingsektor het van 1,59 miljoen in 1988 tot 1,46 miljoen in 1994 gedaal, wat 'n verlies van 130 000 werkgeleenthede beteken het. Oor dieselfde tydperk is daar ongeveer 100 000 werkgeleenthede in die verdedigingsindustrie verloor.[68] Vaaldriehoekse fabrieke waar wapens vervaardig is, is veral hierdeur geraak.[69]

By die Unie Staalkorporasie (USCO) is daar teen die laat negentigerjare opgehou met die produksie van kanonlope, 'n aantal is wel in voorraad gehou.

---

[62] P. Batchelor, South Africa's arms industry: Prospects for conversion in J. Cock & P. Mckenzie (eds.), *From development to defence: redirecting military resources in South Africa*, p. 110.

[63] P. Batchelor, South Africa's arms industry: Prospects for conversion in J. Cock & P. Mckenzie (eds.), *From development to defence: redirecting military resources in South Africa*, p. 107.

[64] P. Batchelor, South Africa's arms industry: Prospects for conversion in J. Cock & P. Mckenzie (eds.), *From development to defence: redirecting military resources in South Africa*, p. 110.

[65] MAV, p. 76. 14022000, Guldenpfennig, F.W., (64) Meyerton.

[66] MAV, p. 139. 16052000, Labuschagne, P. A. H., (69) Vereeniging.

[67] Vgl. G. van Vuuren, "Recession and other factors take their toll", *Iscor News*, 57(5), Oktober 1992, p. 1; MAV, p. 76. 14022000, Guldenpfennig, F.W., (64) Meyerton.

[68] Anon, "Conference on the Defence Industry in the future", *Salvo* 2/96, p.15.

[69] MAV, W. Coertsen; MAV, p. 93. 28032000, Hoffman, G., (62) Vanderbijlpark.



Illus. 109: Gepantserde wagtorings wat as skrootstaal by ES Metale in Meyerton in die jaar 2000 verkoop is.

Bron: *S. M. Fourie fotoversameling.*

Volgens vertelling het in die vroeë negentigerjare aanvanklik 'n opdrag gekom om 120 kanonlope te vervaardig. Volgens gerugte sou die kanonne uiteindelik aan president Sadam Hoesein van Irak gelewer word. Die kontrak is egter gekanselleer.[70] Minder aankope van KRYGKOR het uiteindelik ook vir USCO nadelig geraak.[71]

### 14.4.3 IMPAK OP MOREEL

Die *McAlvany Intelligence Advisor* het in Maart 1989 voorspel dat die onttrekking van die Suid-Afrikaanse magte uit Namibië ook tot die demoralisering van Suid-Afrika se soldate sou lei, omdat die geloof in die bevegting van kommunisme nie meer bestaan het nie. Die nagevolge van oorloë wat sonder 'n oorwinnaar ophou, soos wat ook die geval met die Viëtnamese oorlog was, is as vernietigend vir die moreel van soldate beskou.[72] Na die regeringsoorgang van 1994 het baie mense gevoel dat die grensoorlog sinloos was.[73] Die lid van die parlement (LP) vir Overvaal en segsman vir verdediging van die Konserwatiewe Party (KP), Koos van der Merwe, het gemeen dat daar 'n morele krisis in die weermag was. Lede van die Staande Mag en kommando's sou hulleself afvra of die opofferings wat deur die jare gemaak is, die moeite werd was. Die nuwe situasie sou mense verwar omdat soldate dikwels van die totale aanslag vertel is en dat hulle voorberei is om hulle fisies en geestelik teen die verraderlike en sataniese *South West Africa People's Organisation* (SWAPO) en ANC te staal.[74]

Van der Merwe het ook sy mening tydens die verdedigingsdebat van 25 en 26 April 1991 gelug. Hy het ter inleiding gesê dat die KP op een sentrale tema sou

---

[70] MAV, p. 48. 11012000,. Van Deventer, W. H., (35) Nelsonia.

[71] G. W. Guest, *Die ontwikkelingsgeskiedenis van die Unie-staalkorporasie van Suid-Afrika(Usko), 1911-1996* (PU vir CHO, Ongepub. MA-verhandeling, 1999), p. 113.

[72] D. S. McAlvany (red.), "The last plane to Jamba: The US/South African sellout of Unita", *McAlvany Intelligence Advisor*, Maart 1989, p. 16; Vgl. ook P. Haasbroek, "Het Vietnam-trauma: Wij zijn de junkies die de oorlog verloren", in *Haagse Post*, 6691(1), 6 Januarie 1979, pp. 20-25.

[73] A. MacSwan, "Pain of a useless war", in *Star*, 26.05,1994; Vgl. ook J. Killian, "Verkiesing 94: Is NP verantwoordelik vir chaos?", in *Vaal Ster*, 08.04.1994.

[74] Anon, "SADF will disappear in new SA – CP", in *Citizen*, 17.05,1990.

konsentreer, naamlik *Quo Vadis*, Suid-Afrikaanse weermag? Hy het alle soldate wat diens vir die vaderland gelewer het, geluk gewens. Omdat die weermag grootliks uit burgermag- en kommandolede bestaan het, het hy gemeen dat die weermag om dié rede altyd gedug sou wees.[75]

In die *Vaal Ster* het 'n kolom verskyn waarin menings oor die weermag gevra is. In die uitgawe van 07-11 September 1992 is genoem dat diensplig almal geaffekteer het, maar dat tye verander het. Die gevoel was dat daar geen bedreiging meer was nie, dat diensplig na een jaar verminder is en dat die verdedigingsbegroting ook besnoei is. Verder is ook gemeen dat blanke burgers se lewens deur kampverpligtinge versteur word. Die vraag is gestel of die land werklik nog 'n groot weermag nodig gehad het.[76] Sommige mense was van mening dat die weermag stadig maar seker afgetakel word, ten einde die vyande tevrede te stel en dat die proses sou voortduur totdat die land se veiligheidstruktuur verlam is.[77] Die Konserwatiewe Party het sy skok uitgespreek oor die wyse waarop die regering volgens hom teen die veiligheidsmagte gedraai het en hulle afgetakel het.[78] Ná 1990 het al minder soldate belang gestel in militêre diens.[79]

## 14.4.4 DIE OPKOMS VAN VAALDRIEHOEKSE REGSES

Die gevoel het in die oorgangstydperk onder blankes bestaan dat die weermag en polisie hulle nie sou kon beskerm nie.[80] Mense het groot hoeveelhede wapens en ammunisie bymekaargemaak, ten einde hulleself te beskerm.[81] Daar was

---

[75] Anon, "Verdedigingsdebat: SAW sal altyd gedug wees", *Paratus*, 42(6), Junie 1991, p. 26.

[76] Anon, "Should call-ups, camps still be compulsory?", in *Vaal Ster*, 07-11.09.1992.

[77] Anon, "SADF again under fire", in *Patriot*, 31.07.1992.

[78] D. Pols, "Regering en ANC werk saam om SA veiligheidsmagte te vernietig", in *Patriot*, 27.11.1992, p. 1.

[79] MAV, p. 180, 04072000, Visser, L., (42) Vanderbijlpark; MAV, p. 152, 26062000, Joubert, A., (38) Vanderbijlpark.

[80] Anon, "Volksleër reg om op te staan", in *Vaalweekblad*, 17.09.1993; F. de Lange, "We'll go on mobilising our forces", in *Citizen*, 27.06.1990.

[81] Vgl. E. Tempelhoff, "Arsenaal opgebou uit vrees vir anargie", in *Beeld*, 28.07.1999.

teen 1990 reeds 'n paar regse setels, soos Overvaal, Vanderbijlpark, Meyerton en Sasolburg in die Vaaldriehoek. Die AWB het na 1990 al meer belangstelling gekry terwyl politici en afgetrede generaals 'n groot rol in die mobilisering van Vaaldriehoekers vir regse partye gespeel het. Dr Andries Treurnicht het byvoorbeeld in sy verkiesingstoespraak van September 1989 gemeen dat die Konserwatiewe Party die Vaaldriehoekse setels sou inneem.[82] Hy het ook in September 1989 ereburgemeester van Vanderbijlpark geword.[83]

Para-militêre organisasies soos die AWB was in die Vaaldriehoek aktief. Die AWB het teen die middel van 1990 gedreig dat indien die ANC die gewapende stryd sou voortsit, hy met sy eie gewapende stryd sou begin. Die AWB het terselfdertyd begin om te mobiliseer.[84] In die Vaaldriehoek is massabyeenkomste en deurmarse gehou. Tydens Krugerdagvieringe rondom 10 Oktober 1990 het sewe pelotons van die "Wenkommando" en vroue- en kindereenhede aan 'n deurmars deur die hoofstraat van Vereeniging deelgeneem.[85] Die AWB-leier Eugene Terreblanche, het ook AWB-vergaderings in die stadsaal van Vereeniging, wat volgepak was met ondersteuners en nuuskieriges, toegespreek.[86] Ná die moorde op die Taljaardgesin in Mooilande aan die einde van 1992, het die AWB besluit om ook in Vereeniging te mobiliseer.[87] In Mei 1993 is 'n AWB-kantoor in Vereeniging geopen.[88] Aan die einde van November 1993 het die AWB en Inkatha 'n samewerkingsooreenkoms om kommunisme te beveg in Vereeniging onderteken.[89]

---

[82] D. Jensen, "KP vatterig sê dr. T", in *Transvaler*, 01.08.1989.

[83] Anon, "Foto: Dr. Andries Treurnicht leier van die KP, het Saterdag ereburgemeester van Vanderbijlpark geword", in *Vaalweekblad*, 08.09.1989.

[84] Anon, "Terr'blanche warns govt and the ANC", *SA Obsever*, xxxiii(10), Junie 1990, p. 14.

[85] Anon, "AWB man en muis in mars na vryheid", in *Vaalweekblad*, 19.10.1990.

[86] B. Taylor, "AWB geen private leër nie", in *Beeld*, 14.10.1992.

[87] Anon, "AWB wil mobiliseer", in *Vaalweekblad*, 04.12.1992.

[88] Anon, "AWB open kantoor in Vereeniging", in *Vaal Ster*, 24-28.05.1993.

[89] Anon, "AWB paves the way to revolution", in *Vaal Ster*, 22-26.11.1993; Anon, "IVP en AWB eis amnestie", in *Vaalweekblad*, 03.12.1993.

Die KP het in 1993 vir die "derde vryheidstryd" gemobiliseer.[90] Die mobilisasie-sekretaris van die KP was lt.genl. Koos Bischoff, afgetrede Hoof van Staf Beplanning van die weermag.[91] 'n Afgetrede polisiegeneraal, Kobus Visser, het in Mei 1993 op Vanderbijlpark gesê dat die Afrikaner volk tot aksie sou oorgaan indien daar nie aan sy versoeke gehoor gegee sou word nie.[92] Teen die middel van 1993 is gemeen dat Afrikaner milisie-eenhede met 'n gesamentlike sterkte van 160 000 man gereed was vir optrede.[93] Die eerste kommando van die Volksleër in die Vaaldriehoek is op 7 September 1993 in die Voortrekker saal op Drie Riviere gestig.[94] Aan die einde van Maart 1994 het die Afrikaner Volksfront aangekondig dat die blanke dorpe van die Vaaldriehoek deel van 'n volkstaat sou uitmaak.[95]

Vaaldriehoekse regses was in opsienbare dade betrokke. Die lede van die Orde van die Dood is in Desember 1989 gearresteer en die leier en sekere van die lede was uit Vereeniging afkomstig. Hulle het gereeld op 'n hoewe aan die oostekant van Vereeniging geoefen en was van plan om kabinetministers en openbare figure te vermoor.[96] 'n Man van Vanderbijlpark was een van die mense wat vir die ontploffing by Melrose Huis in Pretoria verantwoordelik was.[97] David Roothenberg van Vereeniging is in 1990 vir die besit van militêre springstof gearresteer.[98] 'n Prominente regse terroris, Horst Klentz, is in Februarie 1991 op

---

[90] Anon, "KP mobiliseer die volk", in *Patriot*, April/Mei/Junie 1993.

[91] A. Mischke, "Is jy ook aan't mobiliseer", in *Rapport*, 28.03.1993.

[92] Anon, "Volksfront dreig nou met aggressiewe optrede: Net ongeveer 300 by blanke optog", in *Vaal Ster*, 24-28.05.1993.

[93] Anon, "South Africa: First organized white resistance to potential ANC communist dictatorship outlined", *American information newsletter*, III(8), Augustus 1993, p. 8.

[94] Anon, "Volksleër stig sy eie kommando", in *Vaalweekblad*, 30.09.1993.

[95] A. Kotze, "Vaal se blanke dorpe deel van Volkstaat", in *Vaalweekblad*, 01.04.1994; Vgl. ook Anon, "Südafrikas Buren: Warten auf den Tag X", *Nation Europa*, 44(1), Januarie 1994, p. 36.

[96] C. Vermaak, "Moderne wapens by vyf gekry: Voëlrekke tot 'n moordlys", in *Transvaler*, 08.12.1989; D. Jensen, "AWB-manne het gereeld geoefen", in *Transvaler*, 08.12.1989.

[97] Anon, "Melrose House explosion: 3 arrested", in *Citizen*, 07.06.1990.

[98] F. de Lange, "4 more held in swoop on right", in *Citizen*, 10.07.1990; MAV, p. 178. 03072000, Scholtz, R.G., (35) Vereeniging.

'n hoewe naby Vanderbijlpark gearresteer.[99] Vaaldriehoekse regses was ook by die inval in Bophutatswana in Maart 1994 en die voorval by die Wêreldhandelsentrum betrokke. Twee verdagtes in verband met die vlaag bomontploffings van 1994, A. B. Fourie en Koper Myburg, was van Walkerville afkomstig.[100]

## 14.5 KOMMISSIES VAN ONDERSOEK NA VAALDRIEHOEKSE VEILIGHEIDSMAGTE

Kommissies is aan die begin van die negentigerjare aangestel om die werksaamhede van die veiligheidsmagte te ondersoek. Die Harms Kommissie het beweringe oor die weermag se "Burgerlike Samewerkingsburo" ondersoek. Daarna het die Goldstone Kommissie gevolg, wat onderduimse optrede deur die veiligheidsmagte ondersoek het. Regter Richard Goldstone het die eerste keer in 1990 opdrag ontvang om ondersoek na die Sebokeng-skietery in te stel.[101]

Op 26 Mei 1990 het die polisie op 'n skare van 50 000 gevuur waarin 12 mense gedood is. Die Goldstone Kommissie moes bepaal of die polisie se optrede geregverdig was.[102] In sy uitspraak vroeg in September 1990 oor die Sebokeng-skietery, het regter Goldstone bevind dat die gebeure 'n les vir die polisie moes wees.[103] Daar was 'n geregtelike ondersoek na die dood van 42 mense op 4 September 1990 in Sebokeng in faksie-gevegte en botsings tussen oproeriges en die weermag. Die hooggeregshof het in die eerste twee weke van Desember 1990 in Vereeniging gesit. Regter Eddie Stafford was die voorsittende

---

[99] Anon, "Untag attack and murder suspect held", in *Citizen*, 13.02.1991.

[100] MAV, p. 178. 03072000, Scholtz, R.G., (35) Vereeniging.

[101] J Mellet, "Aktueel: Ondersoeke: Verbasende intriges rondom Goldstone", *Insig*, Mei 1994, pp. 16-17.

[102] Anon, "Goldstone-kommissie ontrafel die feite", in *Vaalweekblad*, 01.06.1990, p. 6; Vgl. MAV, p. 82, 22022000, Coetzee, E.R., (47) Risiville.

[103] Anon, "Regter Goldstone lewer uitspraak: SAP, organiseerders moet leer uit voorval", in *Vaalweekblad*, 07.09.1990; Vgl. TRC, *Truth and reconciliation commission of South Africa report* (Cape Town, Juta, 1998), p. 585.

beampte.[104] Na 'n versoek om hulp deur die polisie, het lede van Groep 17 na die hostelle op Sebokeng beweeg. Nadat die weermag met klippe en 'n petrolbom bestook is, het een van die soldate sonder bevel op die skare gevuur.[105]

In Julie 1992 het die Goldstone Kommissie weer in die Vaaldriehoek gesit. Die keer was dit oor die Boipatong-slagting. Beweringe is ondersoek of die polisie by die slagting betrokke was.[106] Beskuldigings van die betrokkenheid van veiligheidsmagte by geweld het 'n klimaks met die Boipatong-slagting bereik.[107] Ten minste 45 mense is op 17 Junie 1992 in Boipatong gedood. Volgens getuies was wit mans by die aanval betrokke. Die polisie het ook nie gereageer op waarskuwings dat 'n aanval sou plaasvind nie. Die Goldstone Kommissie het bevind dat gepeuter is met die bandopnames wat die aand in die Vereenigingse Afdeling Binnelandse Stabiliteit (ABS) gemaak is.[108] Die Boipatong-slagting het 'n invloed op die aftakeling van die weermag gehad deurdat 'n aantal offisiere afgedank is.[109]

Die Goldstone Kommissie het vroeg in Augustus 1992 in Vereeniging gesit om ondersoek te doen na die rol van organisasies soos die weermag, polisie, *Umkhonto we Sizwe* (MK), *Azanian People's Liberation Army* (APLA) en verskeie sekuriteitsondernemings.[110] Oor die derdemagkwessie het die Goldstone Kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat die oorgrote meerderheid van

---

[104] Anon, "Geregtelike ondersoek: saak duur voort", in *Vaalweekblad*, 07.12.1990.

[105] MAV, p. 166. 28.062000, Lombard, S.J., (51) Vanderbijlpark; MAV, p. 186. 13072000, Van den Berg, F.J., (54) Falconridge; Vgl. TRC, *Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 602.

[106] Anon, "Goldstone: geen bewyse nog voorgelê nie", in *Vaalweekblad*, 10.07.1992.

[107] TRC, *Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 586.

[108] TRC, *Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 604.

[109] MAV, p. 21. 06072000, Malan de M., (69) Pretoria.

[110] Anon, "Goldstone-kommissie: organisasies onder skoot", in *Vaalweekblad*, 14.08.1992; Vgl. TRC, *Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 588.

gevalle van politieke geweld uit die wedywering tussen die ANC en Inkatha gespruit het.[111]

Die finale verslag van die Kommissie op Menseregte is in Mei 1999 voorgelê. In die verslag word daar ook na die polisie se brutaliteit tussen Februarie en Mei 1994 in onder meer die Vaaldriehoek verwys. Die Gautengse minister vir Veiligheid en Sekuriteit, mev. Jessie Duarte, het ook voorgestel dat 'n kommissie van ondersoek oor marteling tydens polisie-aanhouding ondersoek moes word.[112] Die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK) het op 5 Augustus en 30 September 1996 in die Vaaldriehoek gesit om getuies oor die Boipatong-slagting aan te hoor.[113]

## 14.6 'n TERUGSKOUING DEUR VERSKILLENDE ROLSPELERS

Verskillende rolspelers het die tydperk 1974-1994 op verskillende wyses er vaar. Oudsoldate voel oor die algemeen dat jarelange opofferings verniet was. Ouers van gesneuweldes het ook gemeen dat hulle seuns onnodig gesneuwel het. Aan die ander kant het fabriekswerkers wat betrokke by wapenvervaardiging was trots op hulle bydrae gevoel.

### 14.6.1 LEDE VAN DIE VEILIGHEIDSMAGTE

Die gevoel bestaan onder oudsoldate dat hulle opofferings van destyds verniet was. 'n Onbekende briefskrywer het op 24 Julie 1990 aan die *Citizen* geskryf dat hy aan 'n elite burgermageenheid behoort het en dat daar weerstand onder

---

[111] J. Mellet, "Aktueel: komplotte 1: Die raaisel van die derde mag", *Insig*, November 1993, p. 16; Anon, "Eenhede word ontbind", *Paratus*, 43(8), Augustus 1992, p. 5.

[112] UN Commission on Human Rights – Report on Human Rights Violations in Southern Africa: Report of the ad hoc working group of experts, par.48. (http://www.unchr.ch/refworld/un/chr/chr95/country/23htm).

[113] Anon, "Waarheidskommissie kom in Vaal sit", in *Vaal Ster*, 03.06.1996.

soldate teen die hervormingsinisiatiewe van president F. W. de Klerk was. Hy het geskryf:

> We feel betrayed and sold out. Our sacrifices on the border, as well as in the townships were in vain.[114]

'n Onbekende briefskrywer het op 22 Augustus 1993 aan *Rapport* geskryf:

> ...Ons moes glo veg vir die beskawing. ... Laat hulle dit maar doen, maar ek en duisende ander sal nie vergeet hoe twee kosbare jare en nog kampe ons lewens verarm het nie. Ons is verneuk van ons kosbaarste jare. ... Ek onthou ook die snert wat hulle gepraat het en die powere geskenkpakkies wat ons nou en dan ontvang het vir ons opoffering. Vir wat?.[115]

Oudsoldate uit die Vaaldriehoek het ook gevoel dat hulle opofferings tevergeefs was.[116] Hulle meen dat hulle positief was tot en met die einde van die oorlog in Suidwes-Afrika in 1989. Hulle meen egter dat hulle opofferings verniet was.[117] Johan Coetzee van Vanderbijlpark het gemeen dat hy as oudsoldaat bitter teleurgesteld was na die regeringswisseling van 1994.[118] Ander het weer aangebly as vrywilligers van die verskillende militêre eenhede in die Vaaldriehoek en dit wil voorkom asof die soldate-etos van plig en eer die rede vir hulle positiewe ingesteldheid was.[119] Ook die ouers van gesneuwelde soldate meen dat die opofferings van destyds verniet was.[120] André Joubert het gevoel dat alles verniet was en dat die soldate van destyds te na gekom is.[121] Hy het

---

[114] Anon, "Brief: Another rightwing soldier: Randfontein", in *Citizen*, 24.07.1990, p. 21; Vgl. ook F. Else, "Brief: Why we fought in Angola: Johannesburg", in *Citizen*, 15.10.1991.

[115] Verneuk, "Brief: Twee kosbare jare is daarmee heen: Bloemfontein ", in *Rapport*, 22.08.1993; Vgl. ook C. Louw, "Profiel van 'n vegsoldaat", *Suid-Afrikaan*, Des. 92/Jan. 93, pp. 15 & 16.

[116] MAV, p. 71. 05022000, Van Stratten, M. L., (50) Helenasrus.

[117] Ibid.

[118] MAV, p. 17. 17091998, Coetzee, J. (42) Vanderbijlpark; Vgl. ook MAV, p. 5. 16101997, Short, M., (37) Drie Riviere.

[119] Vgl. MAV, p. 99. 29032000, Pretsch, T., (66) Sasolburg.

[120] Vgl. MAV, p. 54. 17012000, Ross, W. M. mnr. (64) en Ross, I. E., mev. (59) Sasolburg.

[121] MAV, p. 152. 26062000, Joubert, A., (38) Vanderbijlpark.

gemeen dat hy niks uit die jare diens gekry het nie, dat alles verniet was en dat die grenssoldate verraai is.[122]

Leon Visser van Vanderbijlpark het gemeen dat hy sy vertroue in die nuwe weermag verloor het en dat hy destyds al die gevoel gehad het dat die oorlog nie gewen sou kon word nie.[123] Generaal Bertus Steyn het ook baie bitter gevoel. Hy het F.W. de Klerk kwalik geneem dat hy nie die oudgeneraals bygestaan het nie.[124] Verandering in die weermag sedert 1995 het daartoe gelei dat C. W. du Plooy, groepsersant-majoor van Groep 17 (1992-1997), besluit het om uit die Staande Mag te bedank. Hy het gemeen dat na meer as 27 jaar diens dié veranderings nie by sy verwysingsraamwerk ingepas het nie.[125]

Pogings om oudledeverenigings te stig, het ook misluk.[126] Die poging van Regiment Overvaal kan as voorbeeld genoem word. Nadat die vereniging van oudlede van dié eenheid in Julie 2000 ontbind het, is alle oorblywende fondse aan *Hospies* geskenk.[127]

### 14.6.2 FABRIEKSWERKERS

Fabriekswerkers wat met wapenvervaardiging gemoeid was, is as net so belangrik as die soldaat op die grens gesien. Sulke fabriekswerkers is as soldate sonder uniform beskou.[128] Persone waarmee onderhoude gevoer was, het laat blyk dat hulle baie trots is op hulle aandeel in wapenvervaardiging. Gerrie Hoffmann van ISCOR en dr. Fritz Guldenpfennig van USCO het 'n belangrike

---

[122] MAV, p. 155, 26062000, Joubert, A., (38) Vanderbijlpark.

[123] MAV, p. 182, 04072000, Visser, I., (42) Vanderbijlpark.

[124] MAV, p. 226. 12122000, Steyn, J.A., (61) Pretoria; MAV, p. 24. 28071999, Viljoen, C., (66) Pretoria.

[125] MAV, p. 245. 17092001, Du Plooy, C.W., (48) Drie Riviere.

[126] MAV, p. 155, 26062000, Joubert, A., (38) Vanderbijlpark.

[127] Anon, "Foto: Die weermag se regiment Overvaal het ontbind ...", in *Vaal Ster*, 10-12.07.2000.

[128] Anon, "Krygstuigproduksie", Die produksie van krygstuig in Suid-Afrika, Oktober 1974, p. 2.

bydrae tot wapenvervaardiging gelewer. Albei was trots op hulle insette.[129] Piet Labuschagne van DORBYL het vertel dat hy om mediese redes vir militêre diens afgekeur is. Deurdat hy uiteindelik in 'n uitvoerende hoedanigheid by DORBYL beland het, is die soldaat binne in hom bevredig. Hy het ook die pos wat hy beklee het, beskou as die toppunt in sy lewe.[130] Tony Steinberg het vertel dat hy nie die voorreg gehad het om diensplig te doen nie en dat hy graag 'n soldaat wou wees. Die feit dat hy as vakleerling by Broderick Ingenieurswerke 'n inset in die vervaardiging van die G6-kanon kon lewer, het daarvoor gekompenseer.[131] Jan Koen het gemeen dat die werk aan die Rooivalk aanvalshelikopter by Elca Ingenieurswerke 'n uitstaande hoogtepunt in sy lewe was. Hy het ook met trots aan ander mense vertel dat hy 'n aandeel in die vervaardiging van dié helikopter gehad het.[132]

### 14.6.3 VOORMALIGE AKTIVISTE

'n Aantal voormalige aktiviste is deur die politieke proses na 1994 ontnugter. Mwezi Twala van Evaton was een van die MK-lede wat na muitery in 1984 in Angola gearresteer is en in die berugte Quatro-kamp aangehou is.[133] Hy het na sy terugkeer na die Vaaldriehoek 1990 by die IVP aangesluit.[134] 'n Onbekende briefskrywer van Evaton het op 12 Desember 1990 aan die *Citizen* geskryf:

> First, as a parent who mandated his son to join MK and as the ANC is now unbanned, they can tell me publicly why our children were to fight foreign wars i.e. MK in Rhodesia against the Smith forces... Second, from 1979 to

---

[129] MAV, p. 92. 28032000, Hoffman, G., (62) Vanderbijlpark; MAV, p. 77. 140022000, Guldenpfennig, F.W., (64) Meyerton.

[130] MAV, p. 139. 16052000, Labuschagne, P.A.H., (69) Vereeniging.

[131] MAV, p. 38. 20121999, Steinberg, T., (39) Unitaspark.

[132] MAV, p. 148, 26062000, Koen, J., (49) Drie Riviere.

[133] M. Twala en E. Benard, *Mbokodo: Inside MK – Mwezi Twala a soldier's story* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1994), p. 66; R. McGhee, "ANC answerable for genocide, says dissident", in *Citizen*, 17.05.1990.

[134] MAV, p. 161. 27062000, Van der Walt, F.P., (42) Vereeniging.

> 1980 our chlidren were again in a mess... Third, in 1983 they were again made to fight on the side of the MPLA against UNITA...[135]

Jeugdiges het MK destyds as helde gesien. Sommige van dié mense het egter later anti-ANC geword omdat hulle MK daarvoor kwalik geneem dat hulle die bevoorregtes geword het.[136]

## 14.7 SAMEVATTING

Die gees van vrede wat as gevolg van die beëindiging van die Koue Oorlog ook na die Vaaldriehoek oorgewaai het, het 'n duidelike impak op dié streek gehad. Daar is in teenstelling met die ingesteldheid van die tagtigerjare waar die bevolking gemobiliseer is, ná 1990 versoening verkondig en vredesoptogte gehou. Die politieke verandering in die land het ook Vaaldriehoekse soldate negatief teenoor militêre diens laat word. Die feit dat sommige blankes die nuwe Suid-Afrika met vrees tegemoet gegaan het, het tot die opkoms van regses in die streek gelei wat ook militêre voorbereidings ingesluit het.

Beweringe van derdemag-bedrywighede en optrede van die weermag en polisie in die streek, het daartoe gelei dat kommissies van ondersoek, soos die Goldstone Kommissie ook in die Vaaldriehoek sittings gehou het. Die Boipatong-voorval was die toppunt van die voorgenoemde beweringe. Die Goldstone Kommissie het later 'n klopjag op die kantore van Militêre Inligting uitgevoer. Die klopjag het tot die suiwering van senior weermagoffisiere gelei en die stap het momentum aan die demilitariseringsproses verleen.[137]

---

[135] Disillusioned, "Brief: Children were send to fight foreign wars: Evaton", in *Citizen*, 12.12.1990.

[136] MAV, p. 242, 13122000, Seepe, M.J., (26) Rafube, P.D., (26) Vereeniging.

[137] J. Mellet, "Aktueel: Ondersoeke: Verbasende intriges rondom Goldstone", *Insig*, Mei 1994, pp. 16-17.

Die verdedigingskultuur in die Vaaldriehoek is ook nadelig geraak. Drie regimente het ontbind terwyl Groep 17 uit die streek verskuif is. Nywerhede wat voorheen groot verdedigingskontrakte gekry het, het na 1990 nie meer sulke kontrakte gekry nie. Die gevolg hiervan was die sluiting van sekere aanlegte, afdankings en werkloosheid. Die uitwerking van die demilitariseringsproses op veral die blanke gemeenskap moet nie onderskat word nie. Heelwat oudsoldate voel dat hulle opofferings vemiet was. Ouers van gesneuweldes voel dikwels verbitterd. Aan die ander kant is van die voormalige aktiviste ook ontnugter en staan vandag krities teenoor die huidige regering.

Die momentum van die militariseringsproses het ná 1994 vir 'n tyd bly voortbestaan. Dit wou voorkom asof daar nie onmiddellik besef is dat die ou verdedigingsestablishment nie meer bestaan het nie. Tydens die kermis van die Hoërskool Overvaal in 1995 het die weermag 'n demonstrasie gelewer.[138] Die Regiment Sasolburg het in 1995 'n werwingspoging aangepak terwyl die Vereeniging Kommando in 1996 nog met kleuterskoolbesoeke voortgegaan het.[139]

---

[138] S. M. Fourie fotoversameling.

[139] A. Joubert fotoversameling; D. Jensen, "Kleuters word 'boere' terwyl hulle by kommando kuier", in *Vaal Ster*, 20-24.05.1996.

## SLOT

Uit hierdie studie blyk dit duidelik dat die veiligheidsgebeure in Suider-Afrika na 1974 'n bepaalde impak op die Suid-Afrikaanse samelewing gehad het. Militêre optrede is in hierdie geval gesien as 'n oplossing om die uitbreiding van kommunisme te stuit.[1] Die Suid-Afrikaanse militêre toetrede tot die oorlog in Angola in 1975 het tot die mobilisering van die samelewing gelei. Dié proses het ook 'n uitwerking op die Vaaldriehoek gehad.

Die Vaaldriehoek het vanweë sy ligging, bevolkingsamestelling, waterbronne en nywerhede 'n belangrike plek gedurende die tydperk 1974 tot 1994 in Suid-Afrika ingeneem. Die strategiese belangrikheid van die streek het 'n rol in die sabotasie van SASOL in 1980 en die onrus van 1984 gespeel. 'n Hele aantal strategiese aspekte wat verdedig moes word, was in die streek gesetel, onder meer die waterbronne, nywerhede soos ISCOR en SASOL, asook ondernemings wat met wapenvervaardiging gemoeid was. Indien van die voorgenoemde aspekte uitgeskakel sou word, sou dit 'n negatiewe impak op die totale landsverdediging gehad het. Gebeure wat 'n belangrike invloed op landsveiligheid gehad het, het in die Vaaldriehoek afgespeel. Die Sharpeville-voorval van 21 Maart 1960 het daartoe gelei dat binnelandse veiligheid in heroënskou geneem is. Die onluste van 3 September 1984 in Sebokeng het landwyd uitgebrei en tot binnelandse militêre operasies gelei. Die Boipatong-voorval van 1992 het die demilitariseringsproses versnel.

Die veiligheidsmagte was sterk in die streek verteenwoordig. Daar was vyf kommando's en vier regimente in die Vaaldriehoek. Die eenhede het die streek

[1] T. Vosloo, *Schalk Pienaar: 10 Jaar politieke kommentaar* (Kaapstad, Tafelberg, 1975), p. 76;Vgl. ook B. Brody, *War & Politics* (New York, MacMillan, 1973), p.119.

beskerm, maar ook grensdiens en diens in swart woongebiede elders verrig. Benewens leëreenhede was die vloot ook in die Vaaldriehoek verteenwoordig. Die lugmag was van tyd tot tyd in die streek betrokke. Die polisie het afgesien van die normale polisiëringstake, ook 'n militêre funksie in die streek vervul. Verskillende operasies is tussen 1984 en 1994 gesamentlik deur die polisie en die weermag in die streek uitgevoer.

Verskeie pogings is aangewend om die Vaaldriehoekse gemeenskap aktief te mobiliseer. Daar is gepoog om die breë publiek deur middel van volksfeesdae en vergaderings oor die aanslag op die land in te lig. Deur middel van fisiese en militêre weerbaarheid moes die vyand op die grens en binnelandse terrorisme beveg word. Klem is ook op geestelike weerbaarheid gelê. Die publiek is deur meganismes soos tentoonstellings, rolprente en televisiereekse, die pers en militêre deurmarse gemobiliseer. Heldeverering in die vorm van gedenknaalde en heldeakkers het ook in dié proses 'n rol gespeel. In hierdie geval het oorlog 'n sosiale noodwendigheid geword.[2] Waar oorlog ter sprake was, is mense gedryf deur faktore soos geloof, tradisie en passie.[3] 'n Romantiese nasionalisme het ontwikkel, terwyl gevoelens van nasionalisme en religie vermeng het.[4]

Betrokkenheid by die weermag het sekuriteit, doel en prestige teweeg gebring.[5] Terwyl die gemeenskap gemobiliseer is, was daar ook pogings tot weerbaarheid. Die verskillende Vaaldriehoekse dorpe het noodplanne in plek gehad. Die vrou se rol in die weerbaarheidsproses is as belangrik beskou, veral omdat sy 'n ondersteuner was. Vroueparaatheidsfronte is gestig, terwyl sommige vroue ook militêre opleiding ondergaan het. Teen die einde van die tagtigerjare is daadwerklike pogings aangewend om die plaaslike bevolking te beskerm.

---

[2] A.J., Toynbee, *Krieg und Kultur: Der Militarismus im Leben der Völker* (Frankfurt am Main, Fischer, 1958), p. 23.

[3] Vgl. B. Brody, *War & Politics*, p. 6.

[4] Vgl. B. Brody, *War & Politics*, p. 263.

[5] Vgl. B. Brody, *War & Politics*, p. 267.

Buurtwagte en sekuriteitsdienste het sterk op die voorgrond getree, terwyl die weermag klem op huis-en-haard-beskerming gelê het. Die jeug is op verskillende wyses voorberei om die aanslag te hanteer en bekend gemaak met die weermag, van kleuterskole tot en met skoolkadette. Hoërskoolleerlinge is blootgestel aan 'n jeugweerbaarheidsprogram en kadetopleiding was daarop gemik om seuns vir diensplig voor te berei. Leerlinge is op veldskole ideologies gebombardeer. Die Voortrekkers en die *Boys Brigade* was langs para-militêre riglyne georganiseer en het met plaaslike militêre eenhede geskakel.

Burgerlike beskerming was 'n belangrike onderdeel van die weerbaarheidsproses. Die burgerlike beskerming, die verskillende noodhulporganisasies en die veiligheidsmagte was gereed om in die geval van natuurrampe of aanslae hulp te lewer. Vaaldriehoekse dorpe was goed georganiseer en het ook A-graderings ontvang. Daar was gereeld oefeninge in samewerking met die veiligheidsmagte. Organisasies soos die *St. John Ambulance*, die Noodhulpliga en die Rooikruis het by die burgerlike beskerming ingeskakel.

Omdat geglo is dat daar om oorlewing geveg moes word en omdat seuns en eggenotes militêre diens verrig het, is die militêre poging ook deur die Vaaldriehoekse gemeenskap ondersteun. Die breë publiek het die verdedigingspoging op verskillende maniere ondersteun. Daar is fondsinsamelingspogings, grenspakkies, inburgeringspogings en saamrygeleent- hede georganiseer. Organisasies soos die Transvaalse Vroue Landbou-unie, Suiderkruisfonds en die MOTHS het die verdegingspoging deurlopend ondersteun.

Vaaldriehoekse fabrieke het 'n belangrike rol in wapenvervaardiging gespeel. Persone uit die streek was regstreeks met die ontwerp en ontwikkeling van wapentuig gemoeid. Pantserstaal en kanonlope is deur ISCOR en USCO vervaardig. DORBYL het 'n belangrike aandeel in die vervaardiging van die G5- en G6-kanon gehad. Ander fabrieke het kleiner komponente van 'n verskeidenheid wapentuig gelewer.

Die einde van die Koue Oorlog het ook 'n uitwerking op Suid-Afrika gehad.[6] Suid-Afrika het uit Namibië onttrek en president F. W. de Klerk het begin om die verdedigingskultuur af te takel. Die stryd is egter aan die begin van die negentigerjare in vele opsigte op eie drumpel ervaar. Die ekonomie was in 'n verswakte toestand, daar was 'n knellende droogte en plakkery was 'n ernstige probleem.[7] Na die onttrekking uit Namibië het defaitisme en moedeloosheid begin deurskemer.[8] Die *township*-oorlog en regse terrorisme het 'n gevaar vir binnelandse veiligheid geword.[9] Daar was geen duidelike fronte meer nie. Misdaad en binnelandse wanorde het meegebring dat die weermag in 'n polisiëringsrol aangewend is.[10]

Faktore soos die afskaffing van diensplig en die aftakeling van die burgermag het daartoe bygedra dat die weermag teen die laaste helfte van die negentigerjare 'n skadu van sy ou self was.[11] Daar was ook in die Vaaldriehoek kommissies wat die aktiwiteite van die veiligheidsmagte in die streek ondersoek het.[12] Baie oudsoldate was as gevolg van die politieke proses teleurgesteld en het verbitterd geword. Aan die ander kant is swartes wat voorheen die lede van die bevrydingsbewegings as helde gesien het, gedisillusioneerd. Die momentum van 'n twintig jaar-lange proses het die gemeenskap na 1994 vir 'n tyd lank nog meegesleur. Plaaslike militêre eenhede het nog voortgegaan om kleuterskole uit te nooi en om die gemeenskap by die weermag betrokke te kry.[13]

---

[6] S., Ellis, T., Sechaba, *Comrades against apartheid* (Indiana, Indiana University Press, 1992), p. 200.

[7] Anon, "U woord my lig: Oorlewing", in *Vaalweekblad*, 02.08.1991.

[8] Anon, "U woord my lig: God aan ons kant?", in *Vaalweekblad*, 08.03.1991.

[9] Anon, "U woord my lig: Geweld en liefde", in *Vaalweekblad*, 06.09.1991.

[10] Anon, "U woord my lig: Veiligheid", in *Vaalweekblad*, 03.10.1993.

[11] E. Engelbrecht, " Nuus: Eens gedugte ystervuis nou oud en lam: Weermag se toekoms lyk maar bra donker", *Rapport*, 03.11.1996.

[12] A.J., Toynbee, *Krieg und Kultur...*, p. 60.

[13] Vgl. A.Joubert fotoversameling.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat grensdiens en die ingryping in die Angolese burgeroorlog deur die Suid-Afrikaanse weermag in 1975 'n definitiewe invloed op die Vaaldriehoekse gemeenskap gehad het. Daar is gepoog om die totale gemeenskap te mobiliseer en paraat te maak. In die proses is die samelewing vermilitariseer. Die militêre onttrekking in 1989 uit Namibië het die verdedigingskultuur egter in duie laat stort. 'n Gevoel van 'dit was alles verniet' en 'daar is niks meer om voor te veg nie' was ook onderliggend teenwoordig in die Vaaldriehoek in die tydperk 1990 tot 1994. Na 1990 het organisasies opgehou om die weermag te ondersteun. Sekere van die Vaaldriehoekse nywerhede het ook begin kwyn, deels as gevolg daarvan dat verdedigingskontrakte nie meer toegeken is nie. Daar kan in hierdie geval met die historikus, Arnold Toynbee, saamgestem word dat oorlog ook in hierdie geval die sleuteloorsaak van die ondergang van 'n bepaalde kultuur was.[14]

[14] A.J., Toynbee, *Krieg und Kultur...*, p. 17.